

Sing vooraf: Psalm 19:4 (p. 83)

- 4 Die HEER se heil'ge wet / is rein en onbesmet, / en sal die hart bekeer;
sy woorde sal gewis / aan wie eenvoudig is, / die ware wysheid leer.
Sy regte heerskappy / dié sal ons hart verbly / en onreg nooit gedoë;
en wat sy wet berig / is suiwer soos die lig / wat afstraal op die oë.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 27:1 (p. 126)

- 1 God is my lig, my heil; ek sal nie vrees nie; / Hy is die HEER wat hulp verskaf in nood;
my lewenskrag, 'k hoef nie vervaard te wees nie, / want by die HEER is uitkoms teen die dood.
As bendes my omring, 'n wilde hoop / in woeste vaart op my kom aangeloop,
dan struikel hulle wat my vlees wou eet, / en stort terneer omdat hul God vergeet.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 25:7 (p. 117)

- 7 Gods geheim'nis is die lewe / vir wie wandel in sy vrees;
en Hy 't sy verbond gegewe / om vir hul 'n lig te wees.
'k Hou my oë op die HEER / wat my so getrou gelei het,
want Hy voer my voete weer / uit die net wat hul gesprei het.

Skriflesing: Matteus 27

Teks: Matteus 27:45-46; Kategismus Sondag 16

En van die sesde uur af het daar duisternis gekom oor die hele aarde tot die negende uur toe; en omtrent die negende uur het Jesus met 'n groot stem geroep en gesê: Eli, Eli, lama sabagáni? Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat? (Matteus 27:45-46 AFR1953)

Hierdie is die belangrikste kruiswoorde van ons Here Jesus. Die woorde is in die donker uitgeroep.
Die skare wat daar was die dag, was verdeeld oor wat gebeur het.

- Sommiges het gedink dat hulle 'n donderslag gehoor het.
- Ander het weer gedink dat 'n engel met die Here Jesus gepraat het.

Kom ons gee aandag aan drie sake wat hierdie dag se gebeurtenis aan die kruis kenmerk:

- 1. Die donkerte wat rondom hierdie kruiswoord toegeslaan het**
- 2. Die lyding waarvan dié kruiswoord getuig**
- 3. Die lig wat hierdie kruiswoord oor ons oopgesprei het**

1. Die donkerte wat rondom hierdie kruiswoord toegeslaan het

Van twaalfuur die middag af het dit donker geword. Die donkerte het aangehou tot omtrent drieuur die middag.

Twaalfuur die dag was 'n keerpunt in die geskiedenis van die mensdom. Deur God se almag word alles verdonker. Daar is treffende kontraste in hierdie oomblik!

- God wat by die skepping lig gebied het sonder die son en die maan, gebied nou donker terwyl die son skyn!
- Terwyl die Lig van die wêreld aan die kruis gehang het, was dit donker oor die mense vir wie die Lig geskyn het!
- Die Lig (die Here Jesus) is in die nag gebore – en in die donker nag het die lig deurgebreek toe die engele verskyn en gesing het!
- Nou sterf die Here Jesus in die dag en dan word dit helder oordag nag!

Die skrik van die oomblik is op almal.

- Die gespot met die Here Jesus het stil geraak.
- Meteens was daar die uitroep in die donker:

Eli, Eli, lama sabagtáni? Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat?

Hierop het die mense gesê dat hulle wil wag en sien of Elia Hom kom red.

- Waarskynlik het dit toe lig geword. Toe het Jesus met 'n groot stem uitgeroep en gesê:
Vader, in u hande gee Ek my gees oor! En toe Hy dit gesê het, blaas Hy die laaste asem uit. (Lukas 23:46 AFR1953)
- Maar soos die lig begin skyn het, het die gesindhede van die mense en ook wie die mense was wat gepraat het, verander. Eers het die kerkvolk gespot. Nou na die donker praat 'n heiden en spreek voor almal sy belydenis van wat daar gebeur, uit.

En toe die hoofman oor honderd sien wat daar gebeur, het hy God verheerlik en gesê: Waarlik, hierdie man was regverdig. (Lukas 23:47 AFR1953)

Hierin is iets simbolies:

- Die son van ons ongeregtheid was uitgedoof – nou het die Here Jesus die son van geregtigheid laat opkom oor die wat Hom van harte bely!
- Hy het tot in die dood toe gely onder ons werke wat in die donker van sonde gebore en gedoen is.

Was die donkerte die simbool van die hel?

- Het dit enige verbintenis met die **buitenste duisternis** waarvan Matteus nog drie keer praat?
- Lê daar nie dalk in die verskyning van die duisternis daardie dag vir ons 'n duidelike waarskuwing dat ons tot geloof en bekering moet kom nie?
- Die donkerte is dan juis die bewys en teken van Godverlatenheid!
- Is dit dan nou nie ook juis een van die kenmerke van die hel en sy verlorenheid nie?

Maar die kinders van die koninkryk sal uitgedryf word in die buitenste duisternis. Daar sal geween wees en gekners van die tande.

(Matteus 8:12 AFR1953)

Toe sê die koning vir sy dienaars: Bind sy hande en voete, neem hom weg en werp hom in die buitenste duisternis. Daar sal geween wees en gekners van die tande. (Matteus 22:13 AFR1953)

En werp die nuttelose dienskneg uit in die buitenste duisternis; daar sal geween wees en gekners van die tande. (Matteus 25:30 AFR1953)

Die mooie is dat die Here Jesus net voor sy dood die donker deurbreek en die lig (Lig!) weer skyn!

- Die donker is die beeld van dié wat verlore gaan.
- Die lig is die beeld van dié wat in die genade van die Here Jesus se verlossing tot eer van God sal leef!

So het die lyding van die Here Jesus ons borg geword om salig te wees tot in ewigheid. Die donker wat op Hom toegesak het, was sodat dit nooit oor ons ewig donker sou word nie.

2. Die lyding waarvan dié kruiswoord getuig

Nie in die gewone praattaal van daardie tyd – Grieks nie – maar in sy geboortetaal – Aramees – roep die Here uit:

Eli, Eli, lama sabagtáni? Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat?

Die wat daardie dag hulle Bybels geken het, het geweet dat Psalm 22 op daardie dag ten volle in vervulling gegaan het.

(22:2) **My God, my God, waarom het U my verlaat**, (Psalm 22:1 AFR1953)

In daardie Psalm word die kruislyding mooi beskryf:

Maar ek is 'n wurm en geen man nie, 'n smaad van die mense en verag deur die volk. Almal wat my sien, spot met my; hulle steek die lip uit, hulle skud die hoof en sê: Laat dit aan die HERE oor! Laat Hy hom red, laat Hy hom bevry: Hy het mos behae in hom! (Psalm 22:7-9 AFR 53)

Wat hierdie Psalm doen, is dat dit die verskil tussen 'n gewone martelaar en die lyding van die Here Jesus baie mooi uitbeeld.

- Deur die eeue het mense martelare in die steek gelaat en hulle eensaam in hulle pyn laat sterf.
- Die Here Jesus was deur God verlaat.
- Hy moes die Here se beker van toorn alleen drink – 'n beker wat ons toegekome het.

Dit was hierdie beker waarvan Hy in sy diepste angs gebid het dat dit tog by Hom moes verbygaan as dit God se wil sou wees.

- Die wil van God was toe dat Hy die beker moes ledig deur gekruisig te word – dus om in die donker van Godverlatenheid te buig voor die toorn van God.
- Om met dieselfde daad die duiwel en al sy werke te verslaan.
- Om ook die dood wat deur God self as straf oor ons uitgespreek was, te verreken.

Die Here Jesus se smart en pyn was liggaamlike en sielsmart en pyn. Hy wat sondeloos is, was sonde gemaak. Dit was hel wat Hy deurgemaak het, sodat daar in elke opsig vir ons wat gered word, volmaakte versoening kan wees.

Tog lê die oorwinning ook juis duidelik in die woorde wat Hy uitgeroep het:

My God, my God

- Hy het God nooit losgelaat nie!
- Selfs toe Hy van God verlate was, was God **My God!**

Die sterwende Seun het in hierdie oomblikke voor sy doodsnikke steeds aan sy Vader vasgeklou en Hom as sy Vader bely!

- Die kreet word deur die woordjie **My** van 'n wanhoopskreet af verander na 'n oorwinningskreet!

3. Die lig wat hierdie kruiswoord oor ons oopgesprei het.

Al was dit nog donker toe ons Here Jesus hierdie woorde uitgeroep het, het dit reeds die lig van God se reg oor ons oorgesprei.

- God se reg het vir ons 'n genadereg geword in die verdienste van ons Here Jesus Christus.
- Hy het nie die sondaars weggeneem oor hulle sondes nie – Hy het die sonde weggeneem en die sondaars bewaar!
- Die Here Jesus is deur God verlaat sodat Hy ons nooit sal verlaat nie – met ander woorde, sodat Hy altyd by ons sal wees.

Hierdie oomblik, toe dit begin lig word nadat die Here Jesus hierdie woorde uitgeroep het, het die lig van hoop oopgebreek oor ons almal wat die Here Jesus as ons Verlosser aanvaar.

Nou het ons 'n toekoms wat verder strek as landsgrense, of as 'n lang lewe, of as prestasie. Ons het 'n toekoms wat in die ewigheid in lê met die almagtige God en sy volmaaktheid en liefde ewig by ons en oor ons.

Kom ons kyk saam wat ons belydenis alles van hierdie dinge leer in die Heidelbergse Kategismus Sondag 16, veral dan vraag 42-44:

Vraag 40: Waarom was dit noodsaaklik dat Christus Hom tot in die dood toe verneder het?

Antwoord: Weens die geregtigheid en waarheid van God (a) kon nie anders as deur die dood van die Seun van God vir ons sondes betaal word nie (b).

(a) Gen 2:17. (b) Rom 8:3, 4; Heb 2:14, 15.

Vraag 41: Waarom is Hy begrawe?

Antwoord: Om daarmee die versekering te gee dat Hy werklik gesterf het (a).

(a) Hand 13:29; Matt 27:59, 60; Luk 23:53; Joh 19:38.

Vraag 42: As Christus dan vir ons gesterf het, waarom moet ons ook nog sterwe?

Antwoord: Ons dood is nie 'n betaling vir ons sondes nie (a), maar slegs 'n afsterwe van die sondes en 'n deurgang tot die ewige lewe (b).

(a) Mark 8:37; Ps 49:8. (b) Fil 1:23; Joh 5:24; Rom 7:24.

Vraag 43: Watter nut verkry ons nog verder uit die offer en dood van Christus aan die kruis?

Antwoord: Deur sy krag word ons ou mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe (a).

Gevolglik kan ons sondige begeertes nie meer oor ons heers nie, (b) maar kan ons onself as 'n dankoffer aan Hom toewy (c).

(a) Rom 6:6. (b) Rom 6:6, 12. (c) Rom 12:1.

Vraag 44: Waarom volg daar: en neergedaal het na die hel?

Antwoord: Sodat ek in my swaarste aanvegtinge verseker kan wees en myself volkome kan vertrou dat my Here Jesus Christus my van die hel se benoudheid en pyn verlos het (a). Hierdie verlossing het Hy bewerk deur sy onuitspreeklike angs, smarte en verskrikking (b) wat Hy ook aan sy siel deur sy hele lewe, maar veral aan die kruis gely het.

(a) Jes 53:5. (b) Ps 18:5, 6; 116:3; Matt 26:38; 27:46 Heb 5:7

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 1-3:1, 3 (nuut)

- 1 So lief het God die wêreld / dat Hy vir ons sy Seun,
sy enigste, gegee het – / ons Redder, Lig en Steun.
Wie in Hom glo, sal lewe, / sal nooit verlore gaan;
maar het die ware lewe / as God se erfgenaam.

- 3 So kom die stryd, die skeiding, / van duisternis en lig.
Wie aanhou met die slegte, / hul lewens bly ontwig.
Maar wie, uit God gebore, / die waarheid soek en doen,
kom dankbaar na die lig toe / as kind met God versoen.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 27 April 2008 (aand)